

6 Desember

Skrifgedeelte: Maleagi 4:1-6 (OAV)

Fokusgedeelte: Maleagi 4:5

Verlossingsvreugde

“Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en verskriklike dag van die HERE aanbreek.” Genade op genade tot aan die einde van die Ou Testament.

Wat God in die paradys belowe het, sal Hy volbring, en sy verbond handhaaf Hy, hoe diep die volk ook al sondig. Nog 'n laaste roepstem tot bekering word gehoor met die belofte dat God sy Seun, die Son van geregtigheid, sou stuur.

Ons weet nou wie die boodskapper uit Maleagi 3 is, maar wie is hierdie Elia? In Matteus 11 gee Jesus aan ons die antwoord:

- Vers 10: “Want dit is hy van wie daar geskrywe is: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal regmaak.”
- Vers 13, 14: Want al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer. En as julle dit wil aanneem: hy is Elia wat sou kom.”

Moses en die Profete, met ander woorde in die Ou Testament word die koms van die Koning reeds deur die boodskappers aangekondig. Dit word dus duidelik dat Johannes die Doper die boodskapper is wat die koms van die Verlosser en Saligmaker moet aankondig.

Pragtig word die laaste twee hoofstukke van die Ou Testament daaraan gewy om dit wat God belowe het, en voorspel is, af te sluit met die ryke beloftes wat in ons Here Jesus Christus vervul sou word.

Sing: Psalm 31:15, 18, 19 (1936)

Ds J Kits (Emeritus)